Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, July 09, 2023

Page: 16

# Daar is nie vlakke van etiek nie



Die Matie-rektor, prof. Wim de Villiers | FOTO: JACO MARAIS

## Belastingtyd is die ideale geleentheid om te kyk na konsepte soos eerlikheid



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Kom ons gesels oor etiek. En geldsake.

As vertrekpunt gebruik ek die nepotismedebakel om prof. Wim de Villiers, rektor van die Universiteit Stellenbosch (US) (*Rapport*, 02.07, Prof. Wim, "Ek is jammer").

Is dit 'n jammer, wonder ek, dat die "oordeelsfout" in die kollig beland het?

Of is daar berou oor hy sy vrou se twee nefies (nepo: neef in Latyn) voorkeur-toelating tot die mediese fakulteit gegee het, ten koste van meer verdienstelike kandidate?

Enkele jare gelede het prof. Piet Naudé, vroeër verbonde aan die US se sakeskool, ons by 'n Fisa-konvensie toegespreek. Sy woorde is steeds 'n lig op my pad.

"As jy dit waarmee jy besig is nie Sondag op die voorblad van *Rapport* wil lees nie, moet dit nie doen nie."

Dis waar etiek lê. En waar die waarskuwingsligte vir jou behoort aan te gaan sou jy twyfel.

Nou lees ek die universiteitsraad beskou prof. Wim se nepotisme as 'n "bejammerenswaardige oordeelsfout". Dit was 'n gebrek aan "etiese insig". Hy het nie "oneerlik" opgetree nie.

Regtig? Kan jy oneties optree, maar tog ook eerlik? Wat van oneerlik wees en tog eties korrek?

Hoe "eerlik" is dit om vir iemand te sê, jammer, jou aansoek het nie geslaag nie.

En dan jou nefies te laat voordeel trek.

Ons laat dié een eers daar.

### Etiek en jou geldsake

Etiek en eerlikheid lê vir my reg langs mekaar. Jy kan nie die een wees en nie die ander nie. Jy kan nie meer of minder eties, meer of minder eerlik, wees nie.

Daar is nie vlakke van nie. Jy is of jy is nie.

Nou my vraag, hoe raak etiek my en jou geldsake? En terwyl ons die vraag beantwoord, kan ons ook oorweeg of etiek en oneerlikheid los van mekaar kan staan.

## Belangrike belastingdatums

**Nog raad**

Die belastingseisoen vir die 2023-belastingjaar is met ons. Hier is die belangrike datums en ander inligting:

■ 7 Julie 2023: Die belastingseisoen vir individue het geopen. Dit geld sowel voorlopige as nie-voorlopige belastingbetalers;

■ 23 Oktober 2023: As jy 'n nie-voorlopige belastingbetaler is, moet jou belastingopgawe teen hierdie tyd ingedien wees; en

■ 24 Januarie 2024: Dit is die afsnydatum vir voorlopige belastingbetalers.

Wanneer is jy 'n voorlopige belastingbetaler? Ons kyk na individue. Maatskappye is altyd voorlopige belastingbetalers.

As jy 'n inkomste verdien anders as 'n salaris is jy 'n voorlopige belastingpligtige. En as Jan Taks vir jou sê jy is een, dan is jy ook. Onthou dat rente wat jy verdien op beleggings of huur uit die verhuring van eiendom is ook inkomste en dit beteken dat jy 'n voorlopige belastingbetaler is.

Jy is nie 'n voorlopige belastingbetaler as jy nie inkomste genereer uit die bedryf van enige onderneming nie, solank as wat jou belasbare inkomste nie hoër as die belastingdrempel is nie.

Vir die 2023-belastingjaar is dit R91 250 as jy onder 65 jaar oud is, R141 250 as jy ouer is as 65 maar jonger as 75 jaar en R157 900 as jy ouer is as 75 jaar. Of as jou belasbare inkomste uit rente, buitelandse dividende en huurinkomste minder is as R30 000.

Mense dreig deesdae alewig om hulle belasting te weerhou.

Die vraag is, wat is die ware motief. Is jy reeds besig om die belastinggaarder te verneuk? En nou soek jy net maatjies? Dalk omdat jy êrens in jou ouerhuis of jou kerk of jou skool geleer is van eerlikheid en nou wil wegkruip agter ander wat dit ook doen.

Wat doen so iemand met die belastinggeld wat hy nie betaal nie? Ek glo dit gaan in sy eie sak. Dit help nie ander mense nie.

Diegene is dus heeltemal bereid om swaar verdiende geld van eerlike belastingbetalers te ontvang vir hul diens of produk, maar wil niks terugploeg nie. Hulle sien nie in dat hulle bevoorreg is om hier te kan sake doen en hul deel moet bydra om van ons land iets beter te maak nie.

Dit is nie net oneties nie, dit is oneerlik. Dit is bedrog.

Hier is nog 'n voorbeeld.

Ek wonder hoeveel lesers al gekonfronteer is deur 'n sakepersoon met die aanbod, betaal my kontant, dan gee ek jou 'n korting. Of betaal my kontant en dan hef ek nie BTW nie.

Dit gaan nie net oor die BTW wat hy nie hef nie. Inset-BTW kan hy in elk geval terugeis. Dit gaan veral oor inkomstebelasting wat ontduik word.

Eweneens oneerlik en oneties.

En as jy val hiervoor, doen jy daaraan mee en is jy ewe oneerlik en oneties.

### Wat van 'n polis uitneem?

Versekeraars maak in 'n groot mate staat op mense se eerlikheid met die antwoord van mediese vrae, waarop hulle hul risiko bepaal.

Dit is waar etiese optrede inkom. Dit is waar goeie karakter inkom. Om die waarheid te praat, al weet jy dit gaan jou dalk 'n rand of wat meer kos.

Maar, en hierdie is die belangrike deel, as jy met die polis wil voorsiening maak vir jou geliefdes byvoorbeeld wanneer jy sterf, kan jy rustig wees in die wete dat die geld wel vir hulle beskikbaar sal wees.

Of jy kan solank jy nog lewe met die vraag worstel, wat as jy ná jou dood uitgevang word - en dit gebeur al hoe meer - dat jy gejok het.

Daar waai die voorsiening vir jou mense.

Dit gebeur deesdae al hoe meer. Ons howe het al kennis geneem hiervan.

'n Leuen is 'n eenrigtingpad. Jy kan nooit daarop omdraai nie. Jy moet bly lieg. Jy moet heeltyd onthou waar en wat jy gelieg het.

En soos 'n regskollega die afgelope week opgemerk het toe ons hieroor gesels, 'n leuen is nie net die verkondiging van 'n onwaarheid (suggestio falsi) nie, dit kan ook die onderdrukking van die waarheid (suppressio veri) wees.

En terwyl ons so besig is met die proffies van die US, wyle prof. Piet Cillié, voormalige redakteur van *Die Burger*, het juis op 'n keer gesê joernaliste doen soms meer kwaad deur wat hulle nie sê nie as wat hulle sê.

Jy kan die waarheid doodswyg.

Ek het genoem van polisse wat nie sal uitbetaal as daar oneerlikheid was nie.

Maar jy kan ook nie geld belê as dit nie wettig verkry en verklaar is nie.

Jou geld gaan nie groei nie. Jy kan dit bestee, ja. Maar dit kan nie vir jou rykdom skep nie.

Jy moet uit die brandkluis leef. Soos 'n skelm.

En ook maar net totdat Jan Taks jou kom oudit.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.